Die Ooreenkoms tussen die Unie van Suid-Afrika en die Regering van Israel daargestel deur notawisseling, gedateer 24 Desember 1952, ter vermyding van dubbele belasting op inkomste en winste uit see- en lugvervoer, is nie van krag vir enige jaar of tydperk waarvoor hierdie Konvensie van krag is nie.

ARTIKEL 29

Inwerkingtreding

1. Hierdie Konvensie moet bekragtig word en die bekragtigingsoorkondes so spoedig moontlik te Jerusalem uitgeruil word.

2. Hierdie Konvensie tree by die uitruiling van bekragtigingsoorkondes in werking en die bepalings daarvan is van krag—

(a) in Israel, met betrekking tot belasting wat gehef word vir belastingjare wat 'n aanvang neem op of na 1 April 1978;

(b) in Suid-Afrika, met betrekking tot belasting wat gehef word vir jare van aanslag wat 'n aanvang neem op of na 1 Maart 1978;

(c) in beide Kontrakterende State, met betrekking tot belasting teruggehou by die bron, op dividende, rente en tantiemes betaal of opgeloo, dertig (30) dae na die datum waarop hierdie Konvensie van krag word.

ARTIKEL 30

Opsegging

Hierdie Konvensie bly vir 'n onbepaalde tyd van krag, maar enigeen van die Kontrakterende State kan die Konvensie langs die diplomatieke kanaal opse deur aan die ander Kontrakterende Staat skriftelike kennis van beëindiging te gee nie later nie as 30 Junie van enige kalenderjaar vanaf die vyfde jaar nadat die bekragtigingsoorkondes uitgeruil is. In daardie geval is die Konvensie vir die laaste keer van krag—

(a) in Israel, met betrekking tot belasting wat gehef word vir belastingjare wat begin op of na 1 April van die kalenderjaar wat onmiddellik volg op die jaar waarin die kennis gegee is;

(b) in Suid-Afrika, met betrekking tot belasting wat gehef word vir enige jare van aanslag wat begin op of na 1 Maart van die kalenderjaar wat onmiddellik volg op die jaar waarin die kennis gegee is;

(c) in beide Kontrakterende State, met betrekking tot belasting teruggehou by die bron, op dividende, rente en tantiemes betaal of opgeloo ná die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is.

Ten bewyse waarvan die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Konvensie onderteken het.

Gedoen, in duplo, te Kaapstad, op hede die 10de dag van Februarie 1978 in die Engelse, Afrikaanse en Hebreeuse taal, waarvan al drie tekste ewe outentiek is, behalwe dat in die geval van twyfel die Engelse teks geld.

NAMENS DIE REGERING VAN SUID-AFRIKA:
O. P. F. HORWOOD.

NAMENS DIE REGERING VAN ISRAEL:
S. EHRLICH.

ARTICLE 28

Suspension of Shipping and Aircraft Agreement of 1952

The agreement between the Union of South Africa and the Government of Israel constituted by the exchange of notes, dated 24 December 1952, for the avoidance of double taxation on income and profits from sea and air transport shall not have effect for any year or period for which this Convention has effect.

ARTICLE 29

Entry into force

1. This Convention shall be ratified and the instruments of ratification shall be exchanged at Jerusalem as soon as possible.

2. This Convention shall enter into force upon the exchange of instruments of ratification and its provisions shall have effect—

(a) in Israel, as respects taxes which are levied for tax years commencing on or after 1 April 1978;

(b) in South Africa, as respects taxes which are levied for years of assessment commencing on or after 1 March 1978;

(c) in both Contracting States, as respects taxes withheld at source on dividends, interest and royalties paid or accrued, thirty (30) days after the date on which this Convention enters into force.

ARTICLE 30

Termination

This Convention shall remain in force indefinitely but either of the Contracting States may terminate the Convention, through the diplomatic channel, by giving to the other Contracting State written notice of termination not later than 30 June of any calendar year from the fifth year following that in which the instruments of ratification were exchanged. In such event the Convention shall have effect for the last time—

(a) in Israel, as respects taxes which are levied for tax years commencing on or after 1 April in the calendar year next following that in which the notice is given;

(b) in South Africa, as respects taxes which are levied for any years of assessment commencing on or after 1 March in the calendar year next following that in which the notice is given;

(c) in both Contracting States, as respects taxes withheld at source, on dividends, interest and royalties paid or accrued after the end of the calendar year in which such notice is given.

In witness whereof the undersigned, being duly authorised thereto, have signed this Convention.

Done in duplicate at Cape Town this 10th day of February 1978, in the English, Afrikaans and Hebrew languages, all three texts being equally authentic except that in the case of doubt the English text shall prevail.

FOR THE GOVERNMENT OF SOUTH AFRICA:
O. P. F. HORWOOD.

FOR THE GOVERNMENT OF ISRAEL:
S. EHRLICH.

No. R. 142, 1979

AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE SPESIALE HOWE VIR DIE VERHOOR VAN INKOMSTEBELASTINGAPPËLSAKE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 83 (5) (a) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), stel ek die persone genoem in die Bylae by hierdie Proklamasie aan as lede van die spesiale howe vir die verhoor van inkomstebelastingappëlsake, ingestel kragtens die bepalings van subartikel 3 van daardie artikel.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vierde dag van Julie Eenduisend Negehoenderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

O. P. F. HORWOOD.

BYLAE*Rekenmeesterlede*

Frank Henry Stephen Ochse;
David Rex Betty;
Michiel Georg Loubser—almaal van Johannesburg;
Gerhard Neethling Krone;
Richard Alexander Came;
Barnett Mordecai Hurwitz—almaal van Kaapstad;
Julius Lawrence Statham;
Pieter Nicolaas Botha—albei van Pretoria.

Kommersiële-lede

Stanley Simon Kaplan;
Paul Roux Botha;
Edwin Michael Jankelowitz—almaal van Johannesburg;
Anthony David Silberberg;
Selwyn Kantor—albei van Kaapstad;
Johan Michiel Liebenberg;
Wulf Jacobson;
Harold Henry Lee Abrahamse—almaal van Pretoria.

No. R. 143, 1979

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA BEWEERDE ONREËLMATIGHEDE IN VERBAND MET DIE VLEISHANDELBEDRYF IN SUIDWES-AFRIKA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), verklaar ek hierby dat die bepalings van daardie Wet van toepassing is op die Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede in verband met die Vleishandelbedryf in Suidwes-Afrika wat ek op die 29ste dag van Junie 1979 benoem het en vaardig ek hierby die regulasies in die Bylae vervat met betrekking tot genoemde Kommissie uit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Nege-en-twintigste dag van Junie Eenduisend Negehoenderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH.

No. R. 142, 1979

APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE SPECIAL COURTS FOR HEARING INCOME TAX APPEALS

Under the powers vested in me by section 83 (5) (a) of the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962), I do hereby appoint as members of the special courts for hearing income tax appeals, constituted under the provisions of subsection (3) of the said section, the persons mentioned in the Schedule to this Proclamation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Fourth day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

O. P. F. HORWOOD.

SCHEDULE*Accountant members*

Frank Henry Stephen Ochse;
David Rex Betty;
Michiel Georg Loubser—all of Johannesburg;
Gerhard Neethling Krone;
Richard Alexander Came;
Barnett Mordecai Hurwitz—all of Cape Town;
Julius Lawrence Statham;
Pieter Nicolaas Botha—both of Pretoria.

Commercial members

Stanley Simon Kaplan;
Paul Roux Botha;
Edwin Michael Jankelowitz—all of Johannesburg;
Anthony David Silberberg;
Selwyn Kantor—both of Cape Town;
Johan Michiel Liebenberg;
Wulf Jacobson;
Harold Henry Lee Abrahamse—all of Pretoria.

No. R. 143, 1979

COMMISSION OF INQUIRY INTO ALLEGED IRREGULARITIES RELATING TO THE MEAT TRADE INDUSTRY IN SOUTH WEST AFRICA

Under the powers vested in me by section 1 of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), I hereby declare that the provisions of that Act shall apply to the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities Relating to the Meat Trade Industry in South West Africa which I appointed on the 29th day of June 1979, and I hereby make the regulations contained in the Schedule with reference to the said Commission.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-ninth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH.

BYLAE

REGULASIES

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“beamppte” iemand in die voltydse diens van die Staat wat aangestel of aangewys is om die Kommissie by die uitvoering van sy werksaamhede behulpsaam te wees;

“dokument” ook ’n boek, pamflet, aantekening, lys, omsendbrief, plan, plakkaat, aanplakbiljet, publikasie, tekening, portret of prent;

“Kommissie” die in hierdie Proklamasie bedoelde Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede in verband met die Vleishandelbedryf in Suidwes-Afrika;

“lid” ’n lid van die Kommissie;

“ondersoek” die ondersoek wat deur die Kommissie ingestel word;

“perseel” ook grond, ’n gebou of bouwerk of enige gedeelte van ’n gebou of bouwerk, ’n voertuig, vervoermiddel, vaartuig of vliegtuig;

“Voorsitter” die Voorsitter van die Kommissie.

2. Die verrigtinge van die Kommissie word genotuleer op die wyse deur die Voorsitter bepaal.

3. (1) Iemand wat aangestel of aangewys is om die verrigtinge van die Kommissie in snelskrif aan te teken of op meganiese wyse op te neem of om sodanige verrigtinge wat aldus aangeteken of opgeneem is, te transkribeer, moet vooraf ’n eed of bevestiging in die volgende vorm aflê:

Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar—

(a) dat ek getrou en na my beste vermoë die verrigtinge van die Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede in verband met die Vleishandelbedryf in Suidwes-Afrika in snelskrif sal aanteken/op meganiese wyse sal opneem soos deur die Voorsitter van die Kommissie gelas;

(b) dat ek enige snelskrif-aantekeninge/meganiese opname van die verrigtinge van die Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede in verband met die Vleishandelbedryf in Suidwes-Afrika deur my of iemand anders gemaak volledig en na my beste vermoë sal transkribeer.

(2) Geen snelskrif-aantekeninge of meganiese opname van die verrigtinge van die Kommissie word getranskribeer nie behalwe op las van die Voorsitter.

4. ’n Deur die Voorsitter daartoe aangewese beamppte kan by die aanhoor van getuienis by die ondersoek aanwesig wees en getuienis en argumente wat op die ondersoek betrekking het, aanvoer.

5. Die Voorsitter of ’n beamppte deur die Voorsitter in die algemeen of spesiaal daartoe gemagtig, lê ’n getuie wat voor die Kommissie verskyn, die eed op of neem van hom ’n bevestiging af.

6. ’n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, kan slegs deur ’n persoon in kruisverhoor geneem word indien die Voorsitter toelaat dat dit deur daardie persoon gedoen word omdat dit na die Voorsitter se oordeel in belang van die werksaamhede van die Kommissie nodig is.

7. (a) Die Kommissie kan na goeddunke bepaalde getuienis *in camera* aanhoor.

(b) Indien ’n persoon wat getuienis voor die Kommissie afgelê het of aflê of wat opgeroep is om aldus getuienis af te lê, die Kommissie aldus versoek, mag niemand die naam of adres van sodanige persoon of enige inligting wat waarskynlik sy identiteit sal openbaar, op enige wyse hoegenaamd publiseer nie.

SCHEDULE

REGULATIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

“Chairman” means the Chairman of the Commission;

“Commission” means the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities Relating to the Meat Trade Industry in South West Africa referred to in this Proclamation;

“document” includes any book, pamphlet, record, list, circular, plan, placard, poster, publication, drawing, photograph or picture;

“Inquiry” means the inquiry being conducted by the Commission;

“member” means a member of the Commission;

“officer” means a person in the full-time service of the State who has been appointed or designated to assist the Commission in the performance of its functions;

“premises” includes any land, building or structure or any part of a building or structure, any vehicle, conveyance, vessel or aircraft.

2. The proceedings of the Commission shall be recorded in the manner determined by the Chairman.

3. (1) Any person appointed or designated to take down or record the proceedings of the Commission in shorthand or by mechanical means or to transcribe such proceedings which have been so taken down or recorded shall at the outset take an oath or make an affirmation in the following form:

I, A.B., declare under oath/affirm and declare—

(a) that I shall faithfully and to the best of my ability take down/record the proceedings of the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities Relating to the Meat Trade Industry in South West Africa in shorthand/by mechanical means as ordered by the Chairman of the Commission;

(b) that I shall transcribe fully and to the best of my ability any shorthand notes/mechanical record of the proceedings of the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities Relating to the Meat Trade Industry in South West Africa made by me or by any other person.

(2) No shorthand notes or mechanical record of the proceedings of the Commission shall be transcribed except by order of the Chairman.

4. An officer designated thereto by the Chairman may be present at the hearing of evidence at the inquiry and adduce evidence and arguments relating to the inquiry.

5. The Chairman or an officer authorised generally or specially thereto by the Chairman shall administer to any witness appearing before the Commission an oath or affirmation.

6. Any witness who appears before the Commission may only be cross-examined by a person if the Chairman permits it to be done by that person because it is in the Chairman’s view necessary in the interests of the functions of the Commission.

7. (a) The Commission may in its discretion hear any evidence *in camera*.

(b) If any person who gave or is giving evidence before the Commission or has been summoned so to give evidence so requests the Commission, no person shall publish in any manner whatsoever the name or address of such person or any information likely to reveal his identity.

8. 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, kan deur 'n advokaat of prokureur bygestaan word slegs in die mate waarin die Voorsitter dit toelaat.

9. Die Kommissie of 'n lid daarvan of 'n beamppte kan te alle redelike tye enige perseel vir die doeleindes van die Kommissie se ondersoek betree en besigtig en enige dokument wat op sodanige perseel is of bewaar word, opeis en in beslag neem.

10. Elke persoon wat diens doen by die uitvoering van die Kommissie se werksaamhede, insluitende iemand wat aangestel of aangewys is om verrigtinge van die Kommissie wat in snelskrif aangeteken of op meganiese wyse opgeneem is, te transkribeer, moet ten aansien van enige aangeleentheid of inligting wat by die vervulling van sy pligte in verband met bedoelde werksaamhede tot sy kennis kom, geheimhouding help bewaar, behalwe vir sover bekendmaking van sodanige aangeleentheid of inligting vir die doeleindes van die Kommissie se verslag nodig is, en elke sodanige persoon, behalwe die Voorsitter of 'n ander lid van die Kommissie of 'n beamppte, moet voordat hy enige diens by die Kommissie verrig 'n eed van getrouheid of geheimhouding voor die Voorsitter in die volgende vorm aflê en onderteken:

Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar dat, behalwe vir sover dit by die uitvoering van my pligte in verband met die werksaamhede van die Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede in verband met die Vleishandelbedryf in Suidwes-Afrika of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof nodig is, ek geen aangeleentheid of inligting wat in verband met genoemde Kommissie se ondersoek tot my kennis kom, aan enigiemand sal meedeel nie en niemand sal toelaat of veroorloof om toegang te verkry nie tot stukke van die Kommissie, met inbegrip van enige aantekening, opname of transkripsie van die verrigtinge van genoemde Kommissie in my besit of bewaring of in die besit of in die bewaring van genoemde Kommissie of 'n beamppte.

11. Niemand mag, behalwe vir sover dit by die uitvoering van die Kommissie se opdrag nodig is, die verslag van die Kommissie of 'n afskrif of 'n gedeelte daarvan publiseer of aan iemand anders verstrek nie, tensy en voordat die verslag in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê is.

12. Niemand mag die Kommissie of 'n lid van die Kommissie beledig, neerhaal of verkleineer of die verrigtinge of die bevindings van die Kommissie benadeel, beïnvloed of vooruitloop nie.

13. Iemand wat—

(a) die bepalinge van regulasie 7 (b) of 11 oortree;

(b) die Voorsitter of 'n ander lid van die Kommissie of 'n beamppte by die uitvoering van 'n bevoegdheid in regulasie 9 bedoel opsetlik hinder, teengaan of dwarsboom; of

(c) die bepalinge van regulasie 12 oortree;

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—

(i) in die geval van 'n misdryf in paragraaf (a) of (b) bedoel, met 'n boete van hoogstens R200 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; en

(ii) in die geval van 'n misdryf in paragraaf (c) bedoel, met 'n boete van hoogstens R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

8. Any witness who appears before the Commission may be assisted by an advocate or an attorney only to the extent to which the Chairman permits it.

9. The Commission or any member thereof or any officer may, for the purpose of the inquiry of the Commission, at all reasonable times enter and inspect any premises and demand and seize any document which is or is kept upon such premises.

10. Every person employed in carrying out the functions of the Commission, including any person appointed or designated to transcribe proceedings of the Commission taken down in shorthand or recorded by mechanical means, shall aid in preserving secrecy in regard to any matter or information that may come to his knowledge in the performance of his duties in connection with the said functions, except in so far as the publication of such matter or information shall be necessary for the purposes of the report of the Commission, and every such person, except the Chairman or any other member of the Commission or any officer, shall before performing any duty with the Commission take and subscribe before the Chairman an oath of fidelity or secrecy in the following form:

I, A.B., declare under oath/affirm and declare that, except in so far as it shall be necessary in the performance of my duties in connection with the functions of the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities Relating to the Meat Trade Industry in South West Africa or by order of a competent court, I shall not communicate to any person any matter or information which may come to my knowledge in connection with the inquiry of the said Commission, or suffer or permit any person to have access to any records of the Commission, including any note, record or transcription of the proceedings of the said Commission in my possession or custody or in the possession or custody of the said Commission or of any officer.

11. No person shall, except in so far as shall be necessary in the execution of the terms of reference of the Commission, publish or furnish the report of the Commission or a copy or part thereof to any other person unless and until the report has been laid on the Tables of the Senate and the House of Assembly.

12. No person may insult, disparage or belittle the Commission or a member of the Commission or prejudice, influence or anticipate the proceedings or findings of the Commission.

13. Any person who—

(a) contravenes the provisions of regulation 7 (b) or 11;

(b) wilfully hinders, resists or obstructs the Chairman or any other member of the Commission or any officer in the exercise of any power referred to in regulation 9; or

(c) contravenes the provisions of regulation 12;

shall be guilty of an offence and on conviction liable—

(i) in the case of an offence referred to in paragraph (a) or (b) to a fine not exceeding R200 or imprisonment for a period not exceeding six months; and

(ii) in the case of an offence referred to in paragraph (c) to a fine not exceeding R1 000 or imprisonment for a period not exceeding one year.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 1523

13 Julie 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/2/20)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 2 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

P. T. C. DU PLESSIS, Adjunk-Minister van Finansies.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 1523

13 July 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/2/20)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 2 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

I Tariefitem	II Tariefpos en Beskrywing	III IV Skaal van Reg	
		Aksyns	Doeane
126.10, 126.12, 126.15, 126.17, 126.20, 126.22, 126.25 en 126.26	Deur tariefitems 126.10, 126.12, 126.15, 126.17, 126.20, 126.22, 126.25 en 126.26 deur die volgende te vervang: „126.10 87.02 Passasiersvoertuie met sitruimte (minimum 38 cm aaneenlopende sitplek lengte per persoon) van minstens 10 sitplekke en hoogstens 20 sitplekke (met inbegrip van die bestuurder), aangedryf deur vonkontstekingsenjins, gemonteer, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van hoogstens R5 600	5%	5%
	126.12 87.02 Passasiersvoertuie met sitruimte (minimum 38 cm aaneenlopende sitplek lengte per persoon) van minstens 10 sitplekke en hoogstens 20 sitplekke (met inbegrip van die bestuurder), aangedryf deur kompressie-ontstekingsenjins, gemonteer, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van hoogstens R5 600	15%	15%
	126.15 87.02 Passasiersvoertuie met sitruimte (minimum 38 cm aaneenlopende sitplek lengte per persoon) van minstens 10 sitplekke en hoogstens 20 sitplekke (met inbegrip van die bestuurder), aangedryf deur vonkontstekingsenjins, gemonteer, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as R5 600	10%	10%
	126.17 87.02 Passasiersvoertuie met sitruimte (minimum 38 cm aaneenlopende sitplek lengte per persoon) van minstens 10 sitplekke en hoogstens 20 sitplekke (met inbegrip van die bestuurder), aangedryf deur kompressie-ontstekingsenjins, gemonteer, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as R5 600	20%	20%
	126.20 87.02 Motorkarre (met inbegrip van renmotors) en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, aangedryf deur vonkontstekingsenjins, gemonteer, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van hoogstens R4 850	5%	5%
	126.22 87.02 Motorkarre (met inbegrip van renmotors) en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, aangedryf deur kompressie-ontstekingsenjins, gemonteer, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van hoogstens R4 850	15%	15%
	126.25 87.02 Motorkarre (met inbegrip van renmotors) en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, aangedryf deur vonkontstekingsenjins, gemonteer, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as R4 850	10%	10%
	126.26 87.02 Motorkarre (met inbegrip van renmotors) en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, aangedryf deur kompressie-ontstekingsenjins, gemonteer, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as R4 850	20%	20%*

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie wysiging is dat die skaal van *ad valorem* aksyns- en doeane-regte op—

(a) passasiersvoertuie, aangedryf deur vonkontstekingsenjins, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as R5 250 maar hoogstens R5 600 van 10% na 5% verlaag word.

(b) passasiervoertuie, aangedryf deur kompressie-ontstekingsenjins, met 'n waarde vir belastingdoelinde van meer as R5 250 maar hoogstens R5 600 van 10% na 5% verlaag word,

(c) motorkarre en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, aangedryf deur vonkontstekingsenjins, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as R4 550 maar hoogstens R4 850 van 10% na 5% verlaag word, en

(d) motorkarre en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, aangedryf deur kompressie-ontstekingsenjins, met 'n waarde vir belastingdoeleindes van meer as R4 550 maar hoogstens R4 850 van 20% na 15% verlaag word.

SCHEDULE

I Tariff Item	II Tariff Heading and Description	III IV Rate of Duty	
		Excise	Customs
126.10, 126.12, 126.15, 126.17, 126.20, 126.22, 126.25 and 126.26	By the substitution for tariff items 126.10, 126.12, 126.15, 126.17, 126.20, 126.22, 126.25 and 126.26 of the following:		
	“126.10 87.02 Passenger vehicles with a seating capacity (minimum 38 cm continuous seat length per person) of not less than 10 seats and not exceeding 20 seats (including the driver), driven by spark ignition engines, assembled, with a value for duty purposes not exceeding R5 600	5%	5%
	126.12 87.02 Passenger vehicles with a seating capacity (minimum 38 cm continuous seat length per person) of not less than 10 seats and not exceeding 20 seats (including the driver), driven by compression ignition engines, assembled, with a value for duty purposes not exceeding R5 600	15%	15%
	126.15 87.02 Passenger vehicles with a seating capacity (minimum 38 cm continuous seat length per person) of not less than 10 seats and not exceeding 20 seats (including the driver), driven by spark ignition engines, assembled, with a value for duty purposes exceeding R5 600	10%	10%
	126.17 87.02 Passenger vehicles with a seating capacity (minimum 38 cm continuous seat length per person) of not less than 10 seats and not exceeding 20 seats (including the driver), driven by compression ignition engines, assembled, with a value for duty purposes exceeding R5 600	20%	20%
	126.20 87.02 Motor cars (including racing cars) and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, driven by spark ignition engines, assembled, with a value for duty purposes not exceeding R4 850	5%	5%
	126.22 87.02 Motor cars (including racing cars) and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, driven by compression ignition engines, assembled, with a value for duty purposes not exceeding R4 850	15%	15%
	126.25 87.02 Motor cars (including racing cars) and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, driven by spark ignition engines, assembled, with a value for duty purposes exceeding R4 850	10%	10%
	126.26 87.02 Motor cars (including racing cars) and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, driven by compression ignition engines, assembled, with a value for duty purposes exceeding R4 850	20%	20%”

Note.—The effect of this amendment is that the rate of *ad valorem* excise and customs duties on—

(a) passenger vehicles, driven by spark ignition engines, with a value for duty purposes exceeding R5 250 but not exceeding R5 600 is reduced from 10% to 5%,

(b) passenger vehicles; driven by compression ignition engines, with a value for duty purposes exceeding R5 250 but not exceeding R5 600 is reduced from 20% to 15%;

(c) motor cars and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, driven by spark ignition engines, with a value for duty purposes exceeding R4 550 but not exceeding R4 850 is reduced from 10% to 5%, and

(d) motor cars and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, driven by compression ignition engines, with a value for duty purposes exceeding R4 550 but not exceeding R4 850 is reduced from 20% to 15%.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN VERBRUIKERSAKE

No. R. 1551

13 Julie 1979

WET OP PRYSBEHEER, 1964

MAKSIMUM PRYSE VAN KOELDRANK IN TERUGSTUURBARE HOUERS

Ek, Elias George de Beer, Pryscontroleur, wysig hierby ingevolge artikels 4 en 5 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), Goewermmentskennissigwing R. 328 van 23 Februarie 1979 deur die Tweede Bylae daarvan deur die volgende te vervang:

TWEEDE BYLAE

1. (a) Per bottel met inhoud van minder as 750 ml: 10c.
(b) Per bottel met inhoud van 750 ml en meer: 20c.
2. (a) Per halwe diepte kas: R1,50.
(b) Per vol diepte kas: R3.

E. G. DE BEER, Pryscontroleur.

**DEPARTMENT OF COMMERCE AND
CONSUMER AFFAIRS**

No. R. 1551

13 July 1979

PRICE CONTROL ACT, 1964

MAXIMUM PRICES OF SOFT DRINKS IN RETURNABLE CONTAINERS

I, Elias George de Beer, Price Controller, do hereby in terms of sections 4 and 5 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), amend Government Notice R. 328 of 23 February 1979 by substituting the following for the Second Schedule thereof:

"SECOND SCHEDULE

1. (a) Per bottle with a content of less than 750 ml: 10c.
(b) Per bottle with a content of 750 ml and more: 20c.
2. (a) Per half depth case: R1,50.
(b) Per full depth case: R3”.

E. G. DE BEER, Price Controller.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1527

13 Julie 1979

TARIEWE.—SPRINGS NASIONALE VARSPRODUKTEMARK

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Landbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 19 van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (Wet 82 van 1970), die tariewe betaalbaar aan die Stadsraad van Springs as eienaar van die Springs Nasionale Varsproduktemark, ten opsigte van die gebruik van of die verrigting van dienste by die genoemde mark, vasgestel het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (Wet 82 van 1970), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Die volgende tariewe is betaalbaar aan die Stadsraad van Springs as eienaar van die Springs Nasionale Varsproduktemark geleë te Vyfde Laan, Springs-uitbreiding, binne die munisipale gebied Springs, ten opsigte van die gebruik van, of die verrigting van dienste by die genoemde mark:

Item 1: Tarief vir die gebruik van hanteringstoerusting:

	<i>Sent</i>
(a) Huur van stootkarretjies (huisvrou tipe) per dag of gedeelte daarvan.....	20
(b) Huur van trekwaentjies (handelaarstipe) per dag of gedeelte daarvan.....	30

Item 2: Tariewe per week of gedeelte daarvan vir opberging van varspprodukte in koelkamers:

	<i>Sent</i>
Standaard enkellaaghouer, elk.....	2
Standaard dubbellaaghouer, elk.....	3
Standaard halwe plukkishouer, elk.....	3
Standaard tamatiehouer, elk.....	3
Standaard uitvoer druiehouer, elk.....	3
Standaard papajahouer, elk.....	3
Waatlemoene, elk.....	3
Standaard appelhouer of houer van dieselfde grootte, elk.....	4
Standaard peerhouer of houer van dieselfde grootte, elk.....	4
Standaard uitvoer sitrusher of houer van dieselfde grootte, elk.....	4
Plukkishouer, elk.....	5
Standaard uitvoer pynappelhouer, elk.....	5
Standaard uitvoer eierhouer of houer van dieselfde grootte elk.....	5
Paraffienkashouer of houer van dieselfde grootte, elk.....	6
Standaard kratte, elk.....	15
Sakke (meer as 30 kg), elk.....	15
Sakkies (oor 15 kg tot 30 kg), elk.....	8
Sakkies (oor 5 kg tot 15 kg), elk.....	4
Sakkies (1 kg tot 5 kg), elk.....	2

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG- BENUTTING

No. R. 1517

13 Julie 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BAK- EN/OF BANKETNYWERHEID (DURBAN EN DISTRIKTE).—WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bak- en/of Banketnywerheid betrekking het, met

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1527

13 July 1979

TARIFFS.—SPRINGS NATIONAL FRESH PRODUCE MARKET

It is hereby made known that the Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 19 of the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (Act 82 of 1970), fixed the tariffs payable to the City Council of Springs as owner of the Springs National Fresh Produce Market, in respect of the use of or the performance of services at the said market, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (Act 82 of 1970), shall have a corresponding meaning.

2. The following tariffs shall be payable to the City Council of Springs as owner of the Springs National Fresh Produce Market situated at Fifth Avenue, Springs Extension, within the municipal area of Springs, in respect of the use of, or the performance of services at the said market:

Item 1: Tariff for the use of handling equipment:

	<i>Cents</i>
(a) Hiring of barrows (housewife's type) per day or part thereof.....	20
(b) Hiring of barrows (trader's type) per day or part thereof.....	30

Item 2: Tariffs per week or part thereof for storage of fresh produce in refrigerated chambers:

	<i>Cents</i>
Standard single layer container, each.....	2
Standard double layer container, each.....	3
Standard half lug container, each.....	3
Standard tomato container, each.....	3
Standard export grape container, each.....	3
Standard pawpaw container, each.....	3
Watermelons, each.....	3
Standard apple container or container of similar size, each.....	4
Standard pear container or container of similar size, each.....	4
Standard or export citrus container or container of similar size, each.....	4
Lug container, each.....	5
Standard or export pineapple container, each.....	5
Standard export egg container or container of similar size, each.....	5
Paraffin case container or container of similar size, each.....	6
Standard crates, each.....	15
Bags (over 30 kg), each.....	15
Pockets (over 15 kg to 30 kg), each.....	8
Pockets (over 5 kg to 15 kg), each.....	4
Pockets (1 kg to 5 kg), each.....	2

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 1517

13 July 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BAKING AND/OR CONFECTIONERY INDUSTRY (DURBAN AND DISTRICTS).—AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Baking and/or

ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 April 1982 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 April 1982 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 April 1982 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BAK- EN/OF BANKET-NYWERHEID (DURBAN EN DISTRIKTE)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Durban and District Master Bakers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Natal Baking Industry Employees' Union

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bak- en/of Banketnywerheid (Durban en Distrikte),

om die Ooreenkoms, gepubliseer by Goewermmentskennisgewing R. 755 van 7 Mei 1976, soos gewysig en hiernieu by Goewermmentskennisgewings R. 277 van 25 Februarie 1977, R. 367 van 3 Maart 1978, R. 1649 van 18 Augustus 1978, R. 163 van 2 Februarie 1979 en R. 1088 van 25 Mei 1979, te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK

Hierdie Ooreenkoms moet in die Bak- en/of Banketnywerheid nagekom word—

(1) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;

(2) in die landdrosdistrikte Durban (uitgesonderd daardie gedeelte wat voor die publikasie van Goewermmentskennisgewing R. 1401 van 16 Augustus 1968 binne die landdrosdistrik Umlazi geval het), Inanda, Pinetown en Lower Tugela.

2. KLOUSULE 4.—LONE

(1) In subklousule (1), vervang paragraaf (a) deur die volgende:

"(a) Geen werkgewer mag aan enige werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat enigeen van ondervermelde

Confectionery Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 April 1982, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 April 1982, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 April 1982, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BAKING AND/OR CONFECTIONERY INDUSTRY (DURBAN AND DISTRICTS)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Durban and District Master Bakers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Natal Baking Industry Employees' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Baking and/or Confectionery Industry (Durban and Districts),

to amend the Agreement published under Government Notice R. 755 of 7 May 1976, as amended and renewed by Government Notices R. 277 of 25 February 1977, R. 367 of 3 March 1978, R. 1649 of 18 August 1978, R. 163 of 2 February 1979 and R. 1088 of 25 May 1979.

1. SCOPE OF APPLICATION

The terms of this Agreement shall be observed in the Baking and/or Confectionery Industry—

(1) by all employers who are members of the employers' organisation and all employees who are members of the trade union;

(2) in the Magisterial Districts of Durban (excluding that portion which, prior to the publication of Government Notice R. 1401 of 16 August 1968, fell within the Magisterial District of Umlazi), Inanda, Pinetown and Lower Tugela.

2. CLAUSE 4.—WAGES

(1) In subclause (1), substitute the following for paragraph (a):

"(a) No employer shall pay in any week to any employee, other than a casual employee, engaged on any one of the

klasse werk verrig, laer lone as dié hieronder uiteengesit betaal nie en geen werknemer mag sodanige laer lone aanneem nie.

<i>Klas werknemer</i>	<i>Per week R</i>
Voorman.....	74,70
Vakman.....	60,80
Werktuigkundige of ambagsman.....	60,80
Versierder:	
Vrou—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	30,90
gedurende tweede jaar ondervinding.....	37,60
daarna.....	40,70
Man—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	38,15
gedurende tweede jaar ondervinding.....	44,80
daarna.....	50,00
Toesighouer.....	60,80
Assistent-toesighouer.....	56,15
Fabrieksklerk:	
Vrou—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	28,35
daarna.....	31,45
Man—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	34,00
daarna.....	38,15
Klerk, pakhuysman, toonbankassistent:	
Vrou, gekwalifiseer.....	38,65
Vrou, ongekwalifiseer—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	29,40
gedurende tweede jaar ondervinding.....	32,45
gedurende derde jaar ondervinding.....	36,05
Man, gekwalifiseer.....	54,60
Man, ongekwalifiseer—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	34,00
gedurende tweede jaar ondervinding.....	37,60
gedurende derde jaar ondervinding.....	41,20
gedurende vierde jaar ondervinding.....	45,35
gedurende vyfde jaar ondervinding.....	49,45
Versendingsklerk—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	43,80
